https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b1

# China se nastrewing van ’n normatiewe vrede-en-veiligheidsagenda in Afrika: ’n kontekstuele ondersoek in die lig van globale magsuitbreiding

**Fanie Herman**

Fanie Herman, Departement Politieke Studies en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat

***Opsomming***

China se rol as speler in internasionale veiligheid het oor die afgelope dekade drasties verbreed. Die land streef daarna om vrede en veiligheid in verskeie streke van die wêreld insluitende Afrika te handhaaf en bevorder. Daar is ook meer as een dimensie van veiligheid waarop gefokus word. Dit sluit in deelname aan vredesendings, die aanbied van veiligheidsdienste, deelname aan teen-seerowery-operasies en die opleiding van militêre personeel. Die doelwit van dié artikel is om die soeklig te plaas op die normatiewe dimensie van China se betrokkenheid in Afrika se vrede en veiligheid aan die hand van globale magsuitbreiding; normatief in die sin dat China die norme en waardes van rolspelers en organisasies in Afrika se veiligheidslandskap verander. Ten einde die doelwit te bereik, is geredeneer dat normatiewe magsuitbreiding insigte verskaf in die voorkeure en praktyke wat China gebruik om die internasionale orde te verander. Die proses van sosialisering is die metode wat bydra om China in die internasionale stelsel op te neem. Die resultaat is waarneembaar in Afrika se veiligheidsomgewing waar twee verwante aansprake gemaak word. Eerstens is die gesonde verhoudinge tussen China en Afrika en as lede van die Globale Suide belangrik om Chinese norme te bevorder. Dit het ’n groot invloed op die veiligheidsomgewing. Tweedens gebruik China multilaterale organisasies om normatiewe veranderinge aan te bring. Vir doeleindes van die ondersoek word ’n gevallestudie van FOCAC onder die loep geneem. Die hoofbevinding is dat China se normatiewe waardes deur middel van forumdiplomasie in die organisasie uitgedra word. Afrikalande aanvaar ook in beginsel die instelling van Chinese waardes en norme om verhoudinge te versterk en ’n veilige en stabiele omgewing te skep.

**Trefwoorde:** China in Afrika; Forum vir China-Afrikasamewerking (FOCAC); normatiewe mag; Suid-Suid-samewerking; Veiligheid-Ontwikkelingsbegrip; vrede en veiligheid

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b1

***Abstract***

**China's pursuit of a normative peace and security agenda in Africa: a contextual examination in the light of global power expansion**

In recent decades, China's foreign policy has exerted a major influence on international politics. The establishment of the Asian Infrastructure Investment Bank (AIIB), the launch of the Belt and Road Initiative (BRI), the militarisation of the South China Sea and the construction of a military base in Djibouti have all contributed to the country's rise as a global power. Although relations between China and Africa are far from a new phenomenon, they have deepened in the past two decades. Analyses of China's rise as a global power would be incomplete without examining its involvement in Africa. China's role in the promotion and development of the African continent is inextricably linked to its status as an emerging global power.

The rise of China is at the heart of several debates within the discipline of International Relations (IR). These debates revolve around two premises, namely, power expansion (revisionism) versus maintaining the existing order (status quo). Revisionism, in the context of IR, refers to a state's attempt to change the existing global order, often through the pursuit of power expansion. China seeks to change the international order to its own advantage by pursuing a revisionist foreign policy approach.

The focus of the investigation is to determine the role of norms in advancing China's security interests in Africa. The argument is that China's material and strategic interests serve as drivers to establish a normative direction. This refers to the country's use of soft and hard power, which contributes to the formulation of foreign policy. Normative power is the means that holds the different dimensions of foreign policy together.

Norms and global power expansion are interrelated. Norms influence how states project power and the methods used to enforce power. In International Organisations (IOs), norms can expand or limit states' power, depending on the behaviour of other states toward shared norms. States with greater influence have the ability to shape norms that benefit their own interests. This applies to China's normative power expansion in Africa's political landscape, especially in the transfer of norms in peace and security.

Normative power as an instrument of foreign policy refers to a state's ability to shape or change the behaviour of other actors in the international political arena. This occurs through the promotion of the country's own values and norms as standard, accepted behaviour and is in contrast to hard power, which includes the exercise of economic and military force. The focus of normative power is ideational influence. The European Union (EU) is often referred to as a normative power that strives to promote the values of democracy, human rights, and the rule of law among all member states.

A set of research questions is provided to analyse the normative dimension of China's involvement in Africa's peace and security through the pursuit of global power expansion. In which area is China's image as a norm-setter on the African continent being developed? Can China be considered a normative power in contemporary international politics? Can China change norms regarding Africa's peace and security? What is the feeling of leaders in Africa about China's efforts to change norms? Norm-setting in the Forum on China-Africa Cooperation (FOCAC) is examined as a case study. By focusing on the way China is expanding normative

power in Africa, which is a combination of relationships, partnerships and cooperation, certain behavioural patterns are observed. The behavioural patterns position China as a central player in the transformation of international norms.

Constructivism is the closest IR theory that explains normative power expansion. The premise of constructivism is that major areas of international relations, for example the identity of a state, interests and ideas, are constructed through social interaction and shared visions. This theory emphasises the role of ideas, norms and social practices in shaping the international system. Norm-based constructivism proposes that role players follow a logic of appropriateness and act according to values and norms rather than weighing costs and benefits against each other. These values and norms are meaningfully portrayed within a group context. Role players in a group accept norms through processes such as social learning and acceptance.

Socialisation serves as an important instrument for promoting the diffusion and internalisation of collective ideas and norms. It refers to how role players learn the behaviours expected of them. The behaviours can be mechanisms, agreements, resolutions, informal channels such as state-to-state diplomacy or peer pressure from other states. China's normative power expansion contributes to Africa's development and the promotion of the continent's international standing.

China aims to create a new world order characterised by multipolarity, economic interdependence and less reliance on Western organisations. This vision means reforming international norms, especially in areas such as cyberspace, technology and security. As a result, China's domestic economy and multilateral forums are being promoted internationally. Several initiatives have already been launched to establish a new international order. These include the BRI, the Chinese development model for countries in the Global South and the Global Security Initiative (GSI).

China's policy towards Africa is shaped by a combination of economic, political and cultural factors. The focus is on cooperation, mutual benefit and respect for sovereignty. Over the past decades, economic development has been placed at the forefront of China's engagement in Africa. The main themes of China's policy direction and the establishment of norms in Africa include win-win cooperation, Global South cooperation, the promotion of political communication and the sharing of a new international world order.

The security dimension of China-Africa relations has grown significantly in recent decades. Both regions recognise the importance of stable and secure environments for long-term development. China's growing engagement in Africa is driven not only by economic interests, but also by strategic security considerations. The security dimensions can be divided into several main areas. Peacekeeping and stability operations form the core of the security dimension.

Central to China's cooperation in Africa's security environment is the Security-Development Nexus. This concept enables China to link economic partnerships with the pursuit of stability and security on the continent. The premise is that economic projects such as building infrastructure, energy supply and trade are crucial to reducing the underlying causes of instability and insecurity. Economic stability is positioned as a measure to prevent conflict and is a means to achieve peace. Development reduces the likelihood of violence and political instability.

South-South cooperation is a key element in China's foreign policy, particularly in its relations with Africa. This grouping represents a power shift from traditional North-South dynamics, where developed countries (the North) control the majority of the world's resources and decision-making bodies, to more inclusive, collective partnerships among developing countries (the South).

Western criticism of China's norm-setting in IOs focuses on concerns about global governance, its implications for the existing liberal international order and its potential to reshape international norms and institutions. While some observers view China as a revisionist power challenging the existing order, others argue that China seeks to rebalance, not overthrow, the international system. Criticism of South-South cooperation focuses on concerns about the potential inequalities it could create between China and partners in Africa. Observers argue that China's South-South cooperation, such as offering economic aid, could lead to conditions that African countries cannot honour.

The primary argument is that Chinese decision-makers have set a successful policy direction in Africa. The direction presents China and Africa as long-term friends who stand united to correct the inequalities of the Western-centred international order. This has been done by introducing a series of historical and political narratives that have incorporated African actors within the Chinese normative framework. A sense of belonging and shared future are the main elements of the incorporation process. The creation of FOCAC has contributed greatly to the idea of a shared community.

In conclusion, this study highlights that China's approach to Africa is built on three levels. First, there is South-South cooperation which constitutes the primary domain of cooperation. Second, there is cooperation on peace and security which is a representation of the Security-Development Nexus. Third, there is cooperation in other areas which is a representation of the increased securitisation of relations. If not for the successful use of Chinese soft power and the promotion of equal relations, it is difficult to speak of China as a normative power.

**Keywords:** China in Africa; Forum for China-Africa Cooperation (FOCAC); normative power; peace and security; Security-Development concept; South-South cooperation

## 1. Inleiding

In die laaste dekades oefen China se buitelandse beleid 'n groot invloed op internasionale politiek uit. Die stigting van die Asiese Infrastruktuurbeleggingsbank (AIIB), die bekendstelling van die Gordel-en-pad-inisiatief (GPI), die militarisering van die Suid-Chinese See en die bou van 'n militêre basis in Djiboeti dra by tot die land se opkoms as 'n wêreldmoondheid. Alhoewel verhoudinge tussen China en Afrika allesbehalwe 'n nuwe verskynsel is, het dit in die afgelope twee dekades verdiep. Ontledings van die opkoms van China as 'n wêreldmoondheid sal onvolledig wees indien daar nie na die land se betrokkenheid in Afrika gekyk word nie. China se rol in die bevordering en ontwikkeling van die Afrikakontinent is onvermydelik gekoppel aan die land se status as 'n opkomende wêreldmoondheid.

Die sukses van China se verhoudinge met die vasteland is nie net die gevolg van aantreklike ekonomiese aansporings nie, maar ook, en die belangrikste, te danke aan die land se suksesvolle gebruik van multilateralisme, sagte mag en 'n beleidsrigting wat die ontwikkelende wêreld verenig in die stryd teen Westerse magsuitbreiding. Terwyl verhoudinge met Afrika meestal fokus op die ekonomie, handel, die ontginning van hulpbronne en die bou van infrastruktuur, is daar in die laaste aantal jare 'n toename in die bevordering van veiligheid en vrede.

Die struktuur van die artikel is soos volg:

Eerstens word ’n agtergrondoorsig wat die ondersoek motiveer aangebied. Tweedens word die navorsingsvrae, redenasie en metodologie bespreek. Die doel is om te bepaal waarom China as ’n normvormer op die kontinent beskou kan word en watter uitgangspunte die gedrag verklaar. Derdens word begrippe en temas wat onderliggend aan China se normatiewe magsuitbreiding in Afrika is, uitgebeeld. Dit sluit in: China se visie vir ’n nuwe wêreldorde, China se vorming van norme in internasionale organisasies (IO’s), China se beleidsrigting in Afrika (Suid-Suid-samewerking), elemente van normvorming in Afrika en die veilgheidsdimensie van China-Afrikaverhoudinge. Die Veiligheid-Ontwikkelingsbegrip, wat in Engels bekend staan as die “Security-Development Nexus”, is ’n baie belangrike element om China se betrokkenheid in Afrika te verstaan. Vierdens word FOCAC as gevallestudie ontleed om die normatiewe mags-uitbreiding in die praktyk voor te stel. Gemeet aan die stabiliteit van China-Afrikaverhoudinge en Afrikane se uitbeelding van China as vennoot en vriend, verkry China die nodige erkenning en respek om as ’n normatiewe mag op die vasteland beskou te word.

## 2. Ontwerp van die ondersoek

### *2.1 Agtergrondsoorsig*

Die opkoms van China is die kern van verskeie debatte binne die dissipline van Internasionale Verhoudinge (IV). Hierdie debatte wentel rondom twee uitgangspunte, naamlik magsuitbreiding (revisionisme) teenoor die handhawing van die bestaande orde (status quo). Revisionisme, in die konteks van IV, verwys na ’n staat se poging om die bestaande globale orde te verander, dikwels deur die nastrewing van magsuitbreiding. China poog om die internasionale orde tot sy eie voordeel te verander deur ’n revisionistiese buitelandse benadering te volg.

In die IV-teorie van realisme word revisionisme as offensiewe realisme beskou, teenoor status quo wat as defensiewe realisme beskou word. Realisme is ’n teorie in IV wat state as die hoofrolspelers beskou. State word aangedryf deur die handhawing van eie belang en ’n strewe na mag in ’n internasionale politieke stelsel, waar geen oorhoofse liggaam bestaan wat reëls en gesag afdwing nie. Offensiewe realisme is ’n teorie wat ontwikkel is deur John Mearsheimer, ’n Amerikaanse politieke ontleder wat redeneer dat state mag wil uitbrei in ’n anargistiese wêreld. Dit is om die behoeftes van veiligheid en oorlewing te bevredig. Dié magsuitbreiding word aggressief nagejaag ten koste van ander state (Mearsheimer 2001). Defensiewe realisme is ’n teorie wat ontwikkel is deur Kenneth Waltz, ’n Amerikaanse politieke ontleder wat redeneer dat state fokus op die handhawing van hulle eie veiligheid in die internasionale politieke stelsel, eerder as om mag of invloed na te jaag (Waltz 1979).

Die twee uitgangspunte verklaar egter nie die tipering van China se opkoms nie. Westerse waarnemers is veral bekommerd dat ’n opkomende China ’n bedreiging vir die bestaande internasionale reëls-gebaseerde orde inhou. Terwyl Westerse waarnemers reeds jare lank debatteer of China se deelname aan IO’s lei tot normaanvaarding (“norm-taking”) of normvorming (“norm-making”), beskou China homself as ’n voorstander van multilateralisme en ’n kampvegter vir die instelling van nuwe norme in IO’s.

Die bevordering en handhawing van vrede en veiligheid is tans ’n kenmerkende eienskap van China se teenwoordigheid op die vasteland van Afrika. Die meeste akademiese werke oor China se verhoudinge met Afrikalande fokus op hulpbronontwikkeling, migrasie, die bou van infrastruktuur en die ontwikkeling van die landbou en media. Dit geskied oorwegend op bilaterale vlak. Daar is weinig studies wat die gevolge van normatiewe magsuitbreiding op multilaterale vlak in oënskou neem.

Die fokusarea van die ondersoek is om te bepaal watter rol norme in die bevordering van China se veiligheidsbelange in Afrika speel. Die redenasie is dat China se materiële en strategiese belange as dryfvere dien om ’n normatiewe rigting te vestig. Hier word verwys na die land se aanwending van sagte en harde mag wat tot die formulering van buitelandse beleid bydra. Normatiewe mag is die middel wat die verskillende dimensies van buitelandse beleid aanmekaar hou.

Die onderstaande deel verskaf definisies van norme en buitelandse beleid en plaas dit binne die konteks van China se globale magsuitbreiding. *Norme* is ’n fundamentele begrip in die sosiale wetenskappe en word meestal gedefinieer as reëls of verwagtinge wat sosiaal afgedwing word. Norme kan voorskriftelik wees (aanmoediging van positiewe gedrag; byvoorbeeld, wees eerlik of ontmoediging van negatiewe gedrag; byvoorbeeld, moenie kul nie). In die internasionale politiek is *normatiewe mag* die mag wat uitvoering gee aan die normale praktyke van staatsgedrag. Dit is mag wat insigte verskaf oor die norme wat vir ’n staat belangrik is en mag wat ’n staat se visie deur middel van meganismes bevorder (Esteban en Lin 2024).

Norme en globale magsuitbreiding is verwant aan mekaar. Norme beïnvloed hoe state mag projekteer en die metodes wat gebruik word om mag af te dwing. In IO’s kan norme state se mag uitbrei of beperk, afhangende van die gedrag wat ander state teenoor die gedeelde norme openbaar. State met groter invloed beskik oor die vermoë om norme te vorm wat hulle eie belange bevoordeel. Dit is van toepassing op China se normatiewe magsuitbreiding in Afrika se politieke landskap, veral in die oordra van norme in vrede en veiligheid (Linsenmaier, Schmidt en Spandler 2021:515–20).

*Buitelandse beleid* verwys na ’n land se algehele strategie en optredes in verhouding tot ander lande. Dit sluit in ’n stel doelwitte, beginsels en metodes wat gebruik word om nasionale belange, die beskerming van burgers en die bevordering van die land se waardes en norme op die wêreldverhoog te plaas. China se buitelandse beleid is gewortel in beginsels soos vreedsame ontwikkeling en harmonie met die res van die wêreld, wedersydse respek vir soewereiniteit, en nie-inmenging in die plaaslike aangeleenthede van ander lande. Die klem val verder op die beskerming van nasionale belange, veiligheid en ontwikkeling en die skep van ’n nuwe tipe stelsel van internasionale verhoudinge. Die nastrewing van ’n internasionale gemeenskap met ’n gedeelde toekoms en die bevordering van ’n inklusiewe internasionale orde is prioriteite.

*Normatiewe mag* as instrument van buitelandse beleid verwys na ’n staat se vermoë om die gedrag van ander rolspelers in die internasionale politieke terrein te omvorm of verander. Dit geskied deur middel van die bevordering van die land se eie waardes en norme as standaard, aanvaarde gedrag en is in teenstelling met harde mag wat ekonomiese en militêre magsuitoefening insluit. Die fokus van normatiewe mag is ideasionele invloed. Daar word dikwels na die Europese Unie (EU) verwys as ’n normatiewe mag wat daarna streef om die waardes van demokrasie, menseregte en die oppergesag van die reg onder alle lidlande te bevorder (Ding en Panda 2021).

Die kern van China se buitelandse beleid, volgens Callahan (2008:749–61), is die strewe om die internasionale gemeenskap in Chinese waardes en norme op te voed. Dit is dus nie die najaag van realisme en die uitbreiding van politieke en militêre mag nie, maar om ’n wêreld te skep wat by die Chinese lewenswyse aanklank vind. President Xi Jinping se herhaaldelike verwysings na ’n wêreld met ’n gedeelde toekomsvisie versterk die aanname dat China se internasionale gedrag tekens van normvorming toon.

### *2.2 Navorsingsvrae*

’n Stel navorsingsvrae word verskaf om die normatiewe dimensie van China se betrokkenheid in Afrika se vrede en veiligheid aan die hand van globale magsuitbreiding te ontleed. Die vrae word nie in spesifieke volgorde gevra nie, maar dien as oorkoepelende raamwerk om antwoorde ten opsigte van normatiewe magsuitbreiding te verkry. In watter area word China se beeld as ’n normvormer op die Afrikakontinent uitgebou? Kan China as ’n normatiewe mag in die hedendaagse internasionale politiek beskou word? Kan China norme ten opsigte van Afrika se vrede en veiligheid verander? Wat is die gevoel van leiers in Afrika rondom China se pogings om norme in Afrika te verander? Hier word normvorming in FOCAC onder die loep geneem. Deur te fokus op die manier waarop China normatiewe mag in Afrika uitbrei, wat ’n samevoeging van verhoudinge, vennootskappe en samewerking is, word sekere gedragspatrone waargeneem. Die gedragspatrone posisioneer China as ’n sentrale rolspeler in die omvorming van internasionale norme.

Die Chinese regering is inderdaad gewillig om tot internasionale veiligheid by te dra, nie net deur troepe na vredesendings te stuur en militêre basisse te bou nie, maar ook deur by te dra tot die omvorming van internasionale reëls en norme. Dit laat die vraag ontstaan of China se opkoms as ’n wêreldmoondheid ten doel het om ’n alternatiewe internasionale orde te skep. Indien dit die doel van die Chinese regering is, kan geredeneer word dat die land deel is van die bestaande internasionale orde, maar ook pogings aanwend om die internasionale orde te sosialiseer.

### *2.3 Die redenasie*

Aan die een kant is daar leemtes in bestaande benaderings oor die opkoms van China in die internasionale politiek. Dié benaderings is nie duidelik oor die spesifieke rol wat China speel en die rigting waarin die land beweeg nie. Dit is welbekend dat China se buitelandse beleid geskoei is op vreedsame ontwikkeling (“benevolent actor”) wat ekonomiese en materiële mag gebruik om invloed uit te oefen.

Aan die ander kant, gegewe die omvattende stel beleide, doelwitte en strategieë wat aktief deur Chinese leiers bevorder word om as teenkanting vir bestaande internasionale reëls en norme te dien, is daar waarde in die begrip van normatiewe mag om ander lande in China se wêreldbeskouing te sosialiseer. Normatiewe mag is mag in konteks, wat beteken dat daar wisselwerking tussen internasionale rolspelers is. ’n Rolspeler se vermoë om die normale te definieer hang af van wisselwerking tussen dié rolspelers. Aangesien China se buitelandse beleid daarop gemik is om verhoudinge in plaas van transaksies te verbeter, danksy jare van volgehoue en doelgerigte diplomasie, is verhoudinge met Afrikalande gesond en word die nodige respek en erkenning verkry (Tudoroiu en Kuteleva 2023).

Op dié manier is die potensiaal daar om ’n normvormer in Afrika te word, solank as wat rolspelers die agentskap van wisselwerking erken. China se sterk ekonomiese mag en aantreklike beleggings is belangrike elemente van beleid in Afrika. Dit bewys dat ekonomiese wisselwerking toenemend plaasvind op grond van die aanvaarding van gedeelde norme, reëls en beginsels. Dit is egter ook belangrik om te bepaal in watter mate die rigting bydra om ’n beeld van China as ’n vriendelike en vertrouenswaardige vennoot te skep (Esteban en Lin 2024).

Die redenasie is dat China nie slegs in die internasionale stelsel gesosialiseer is en liberale norme tot sy voordeel gebruik nie, maar ook bydra tot die skepping van ’n normatiewe orde. Dit vind op vier vlakke plaas.

- Eerstens word nuwe norme en begrippe voorgestel wat gebaseer is op die land se historiese agtergrond en sosialisering tussen Chinese gemeenskappe en die algemene bevolking.
- Tweedens vind die sosialisasie binne en buite ’n Westers-oorheersende konteks plaas.
- Derdens word die forums met rolspelers in die ontwikkelende wêreld geskep om sosialisering te bevorder.
- Vierdens lei sosialisering tot die opstel van beleid en strategieë wat op streeks-, kontinentale en internasionale vlak plaasvind. Dit lei tot twee beweringe wat in die artikel gemaak word. China tree eerstens op as ’n normvormer in die area van veiligheid, danksy ’n stabiele beleidsrigting met die ontwikkelende wêreld. Samewerking met lande in die Globale Suide bied aan China die status van ’n betroubare vriend en vennoot wat ’n wen-wen-situasie najaag. Hierdie rigting beeld China en Afrika as langtermynvriende uit wat verenig rondom die stryd teen Westerse imperialisme en oorheersing (Pu 2012:344–50).

China se historiese verbintenis met Afrikalande sorg vir ’n stabiele beleidsrigting, hoofsaaklik danksy die positiewe reaksie van leiers in Afrika wat glo in China se visie om veranderinge op die kontinent teweeg te bring. Die rigting bestaan uit drie dele, naamlik Suid-Suid-samewerking, vennootskappe en die uitgangspunt dat veiligheid nodig is vir ontwikkeling. Dié rigting sorg vir veranderinge in beleid. Dit wissel van nie-inmenging in die plaaslike aangeleenthede van Afrikalande tot toenemende militêre betrokkenheid. Laasgenoemde is in samehang met China se algemene of nasionale strategie (“grand strategy”). Volgens Denoon (2021) kom China se hoofstrategie kortliks daarop neer om ’n wêreldorde te skep wat ’n weerkaatsing van die land se prioriteite en waardes is, sonder om in ’n direkte konflik met Amerika betrokke te raak. Dié benadering stel China in staat om invloed wêreldwyd uit te brei en terselfdertyd risiko’s wat met direkte hegemoniese ambisies in verband staan, te vermy.

Die tweede bewering is dat, aangesien China-Afrika-veiligheidsamewerking meestal in multilaterale organisasies ontwikkel, die potensiaal daar is om die norme van die organisasies te verander na gelang van die organisasie se aard en omvang. Dié normatiewe magsuitbreiding is horisontaal georganiseerd rondom drie multilaterale platforms, naamlik FOCAC, die Afrika-unie (AU) en die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad (VNVR). China se internasionale visie en normatiewe magsuitbreiding word in al drie die organisasies bevorder. Op hierdie manier word China in IO’s gesosialiseer met die potensiaal om die norme van die organisasies te verander. Die voordeel vir China is dat norme binne en buite Westers-georiënteerde organisasies verander word, wat sosialisering tussen alle betrokke rolspelers versterk (Denoon 2021).

Terwyl dit waar is dat China voldoen aan bestaande norme en poog om die status quo in die AU en die VNVR te handhaaf, word ’n meer aktiewe benadering in FOCAC en streeksorganisasies gevolg, naamlik om die bestaande norme en die status quo in die instellings te verander. Soos voorheen vermeld, word FOCAC as gevallestudie gekies, omrede daar ’n groter verteenwoordiging van Chinees-gesentreerde norme in die forum is. ’n Ontleding van FOCAC wys op ’n stel herhalende voorstellings van China en Afrika wat ondersteun word deur politieke en historiese narratiewe. Chinese waardes en norme word byvoorbeeld ingesluit in veiligheidsprojekte wat vir gemeenskappe geloods word.

### *2.4 Teoretiese insigte*

Soos in die opsomming vermeld, is dit die doel van die studie om die normatiewe dimensie van China se betrokkenheid in Afrika se vrede en veiligheid aan die hand van globale magsuitbreiding te ontleed. Daar is bepaalde voorwaardes om dié magsverskuiwing in die praktyk voor te stel.

- Eerstens is dit nodig om die materiële en magsvermoëns van China te identifiseer.
- Tweedens is dit nodig om die identiteit en rol van China vas te stel.
- Derdens is dit nodig om China se internasionale norme te identifiseer.
- Vierdens is dit nodig om te bepaal hoe China se internasionale beeld internasionaal geprojekteer word.
- Vyfdens is dit nodig om die gevolge van internasionale magsvertoon met ander lande te identifiseer. Die temas en begrippe wat in afdeling drie aangebied word, dien as basis vir die ondersoek.

*Konstruktivisme* is die naaste IV-teorie wat ’n verklaring van normatiewe magsuitbreiding aanbied. Die uitgangspunt in konstruktivisme is dat hoofareas van internasionale verhoudinge, byvoorbeeld die identiteit van ’n staat, belange en idees, deur middel van sosiale wisselwerking en gedeelde visies gekonstrueer word. Hierdie teorie beklemtoon die rol van idees, norme en sosiale praktyke in die vorming van die internasionale stelsel (McCourt 2023). Norm-gebaseerde konstruktivisme stel voor dat rolspelers ’n logika van gepastheid (“appropriateness”) volg en volgens waardes en norme optree eerder as om koste en voordele teen mekaar op te weeg. Dié waardes en norme word betekenisvol binne groepsverband uitgebeeld. Rolspelers in ’n groep aanvaar norme deur middel van prosesse soos sosiale leer en aanvaarding. Dit is in teenstelling met die rasionele keuseteorie se logika van gevolge (“consequences”), waar besluite op doeltreffendheid en nutberekeninge van individuele leierskapsbesluite gebaseer is (Fearon en Wendt 2002:52–75).

Die poging is egter nie om China se normatiewe magsuitbreiding aan die hand van konstruktivisme te verklaar nie. Vir praktiese doeleindes is dit voldoende om slegs kennis van die teorie te neem. Daar is wel een aspek van konstruktivisme wat ondersoek word en dit is die sosialisering van norme. Wisselwerking tussen China en rolspelers in FOCAC bespoedig die sosialiseringsproses en die aanvaarding van norme. Dan is dit verder belangrik om China se visie vir ’n nuwe wêreldorde onder die loep te neem. Die sosialiseringsproses en visie vir ’n nuwe wêreldorde is instrumenteel om normatiewe mag in multilaterale organisasies uit te brei. Dié twee begrippe (*die sosialisering van norme* en *visie vir ’n nuwe wêreldorde*) word daarom as noodsaaklik beskou om die proses van normvorming in die artikel te ontleed.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b1

*Sosialisering* dien as ’n belangrike meganisme om die verspreiding en internalisering van kollektiewe idees en norme te bevorder. Dit het ’n groot invloed op staatsgedrag in internasionale organisasies (Kobayashi, Krause en Yuan 2022:560–5). Wat volg is ’n raamwerk wat verduidelik hoe state, deur middel van deurlopende wisselwerking en gesamentlike ervarings, vergelykbare praktyke en opvattings oor die internasionale stelsel ontwikkel. Dit vind plaas selfs wanneer materiële aansporings nie teenwoordig is nie.

- Sosialisering is ’n meganisme waardeur state idees en norme aanleer, deel, internaliseer en aanneem. Dit is hoe state ’n gevoel van gemeenskap, gedeelde belange en aanvaarde gedrag binne die internasionale politieke stelsel ontwikkel.
- Sosialisering kan deur verskeie kanale plaasvind, waaronder wisselwerking met ander state, die aanleer en nabootsing van ander state se gedrag, die waarneming van ander state se gedrag en dan kommunikasie.
- Organisasies soos die VN kan norme bevorder en staatsgedrag beïnvloed deur oorreding, aanbevelings van beleid en die stel van standaarde.
- Argumente en besprekings binne IO’s en forums kan lei tot die aanneming van nuwe norme.
- Deur middel van sosialisering kan state sekere aksies as wettig, gepas of selfs noodsaaklik beskou, selfs al bevoordeel dit hulle nie direk in terme van materiële gewin nie.
- Menseregteverdrae is ’n voorbeeld van sosialisering. State onderteken menseregteverdrae nie slegs as gevolg van wetlike verpligtinge nie, maar omdat hulle die norm van menseregte as ’n gedeelde waarde geïnternaliseer het. Omgewingsooreenkomste is ’n verdere voorbeeld van sosialisering. State onderteken omgewingsooreenkomste as gevolg van ’n gedeelde begrip van die belangrikheid van omgewingsbeskerming.
- Sosialisering verduidelik waarom sekere norme, soos die verbod op chemiese wapens of die belangrikheid van diplomasie, wêreldwyd aanvaar en nagekom word (Kobayashi, Krause en Yuan 2022:565–75).

In die agtergrondoorsig van die studie is na realisme verwys as ’n teorie in IV wat staatsgedrag verklaar en dit is ook van toepassing op China wat ekonomiese en militêre mag gebruik om internasionale invloed uit te oefen. Realisme en konstruktivisme is egter twee uiteenlopende teorieë in IV wat verskillende perspektiewe aanbied op hoe die internasionale politieke stelsel funksioneer. Realisme beklemtoon state se najaag van eie belang in ’n anargistiese wêreld, terwyl konstruktivisme die rol van gedeelde idees, norme en identiteite in die vorming van staatsgedrag en die internasionale stelsel beklemtoon. Alhoewel hulle tradisioneel teenoorgestelde beskouings het, is hulle wel komplementêr in dié opsig dat konstruktivisme insigte bied in die sosiale en ideasionele faktore wat realistiese berekeninge van mag en belange beïnvloed (Smith, Dunne, Kurki en Kuši 2024).

## 3. Konseptuele raamwerk

Die konseptuele raamwerk wat in die onderafdelings hier onder volg organiseer en verklaar in watter mate die begrippe tot China se normatiewe magsuitbreiding in Afrika bydra.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b1

### *3.1 China se vorming van norme in IO's*

Die proses van normvorming word hier verduidelik ten einde China se normatiewe magsuitbreiding te verstaan. Slegs eienskappe waar China oor die vermoë beskik om wel as 'n normvormer op te tree word uitgespel. In die algemeen word norme in IO's gevorm deur die wisselwerking van rolspelers rondom gedeelde denkrigtings, gedrag en praktyke met verloop van tyd. Die herhaalde wisselwerking veroorsaak dat rolspelers sekere gedrag internaliseer en die gedrag dan deur al die rolspelers aanvaar word. Sosialisering verwys na hoe rolspelers gedrag wat van hulle verwag word aanleer. Die gedrag kan meganismes, ooreenkomste, resolusies, informele kanale soos staat-tot-staat-diplomasie of groepsdruk van ander state wees. As voorbeeld word verwys na die VN se norme oor vredesendings en konflikresolusie wat ontwikkel het deur middel van herhaalde deelname van lidstate oor 'n spesifieke tydperk.

Johnston (2013:210–5) het in die vroeë-2000's reeds die vraag gevra of China se opkoms in die Asië-Pasifiese streek aan die hand van revisionisme ('n ambisie om mag uit te brei) ontleed kan word. Die strewe na mag is een van die redes waarom norme en waardes in IO's ook verander. Teen die einde van 2022 is China geïntegreer in bykans al die organe van die VN, beklee die land leierskapsposisies in die VN se suborgane en is verskeie multilaterale streeksforums in die wêreld tot stand gebring. China is ook aktief besig om Amerika se internasionale mag te balanseer, deur middel van geopolitieke wedywering en ekonomiese oorheersing in Afrika se multilaterale forums.

Globalisasie en multilateralisme het deel van China se nuwe internasionale identiteit geword. Die nuwe identiteit beskryf China as 'n verantwoordelike moondheid wat aan internasionale ekonomiese en veiligheidsorganisasies wat die proses van sosialisering bespoedig, deelneem (Esteban en Lin 2024). Lanteigne (2005) voer aan dat IO's China die geleentheid bied om internasionale mag uit te brei en geloofwaardigheid aan die land se internasionale ambisies te verleen. China beskou IO's as waardevolle platforms om die land se posisie aan die internasionale gemeenskap oor te dra (Johnston 2013:216). China se strewe om norme in IO's te verander, maak die land 'n agent van sosialisering.

Norme word dikwels bevorder deur norme-entrepreneurs ("norm entrepreneurs"). Dit is rolspelers of groepe binne IO's wat pleit vir die aanvaarding van nuwe norme. Dit kan individuele lande, invloedryke state of IO's soos die VN of EU wees. Leierskap deur vername state soos Amerika, EU-lidlande en China kan 'n sentrale rol speel in die vorming en bevordering van norme binne IO's. China beklee die leierskapsposisie in verskeie multilaterale platforms wat samewerking in die Globale Suide bevorder (Large 2022:310–5). China se leierskapsposisie in die organisasies bepaal die rigting van voorgestelde globale ekonomiese en politieke inisiatiewe. Dit sluit in die BRICS- ekonomiese groepering (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika), die Asiese Infrastruktuurbeleggingsbank (AIIB), die Asiese Streeks- Samevattende Ekonomiese Vennootskap (RCEP), die Sjanghai-samewerkingsorganisasie (SCO) en die China-Gemeenskap van Latyns-Amerikaanse en Karibiese State (CELAC).

Norme word sterk bevorder deur middel van onderhandelingsprosesse op multilaterale platforms. State met uiteenlopende belange kan nou saamwerk en saamstem oor 'n stel reëls en standaarde wat gedrag vorm. Tydens die Paryse ooreenkoms oor klimaatsverandering het state onderhandel oor 'n vermindering van koolstofdioksied in die atmosfeer, en die befondsing en oordrag van tegnologie om norme ten opsigte van klimaatverantwoordelikheid te skep. Die opkoms van nuwe moondhede kan lei tot die bekendstelling van nuwe norme of 'n verskuiwing

van bestaande norme. China se betrokkenheid in globale regeerinstellings verander norme met betrekking tot ontwikkeling, soewereiniteit en handel. Dit is merkbaar dat Westerse norme in hierdie instellings teengewerk word. Soos wat norme deur lidlande aanvaar word, so word die norme geïnstitusionaliseer in die struktuur van die organisasie self. Die Wêreldhandelsorganisasie (WTO) en die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO) institusionaliseer handels- en gesondheidsnorme wat deur lidlande gevolg moet word in hulle wisselwerking met ander lande (Sahakyan 2023).

Die vorming van norme in IO's is 'n dinamiese en veeldoelige proses. 'n Kombinasie van sosialisering tussen state, onderhandelinge, wetlike instrumente en die versterking van praktyke oor 'n bepaalde tydperk is alles prosesse wat normvorming aanhelp. Leierskap, ideologiese verskuiwinge en kulturele veranderinge speel belangrike rolle in die vorming van die norme. Norme definieer die verwagtinge van gedrag tussen state en ander rolspelers en dra by tot stabiliteit en die funksionering van internasionale verhoudinge.

### *3.2 Opkoms van China as 'n normatiewe mag in Afrika*

Die bespreking stel die idee van China se normatiewe magsuitbreiding in Afrika aan die orde. Normatiewe mag is mag wat 'n staat die geleentheid bied om waarnemings en begrippe van die normale te vorm en te verander (Denoon 2021). China se normatiewe magsuitbreiding in Afrika het 'n sterk grondslag in ideologie. Normatiewe mag is 'n aandrywer van ideologiese mag, wat op sy beurt die ekonomiese en militêre mag van 'n staat bepaal. Dié definisie het sterk wortels in magspolitiek, omrede slegs grootmoondhede die mag het om die norme van die internasionale politieke omgewing te bepaal (Whitman 2011). China, as 'n grootmoondheid, kan dus as 'n normatiewe buitelandse rolspeler optree in streke en beleidsareas waar 'n aktiewe invloed en belangstelling gehandhaaf word. Dit is verder belangrik om daarop te let dat China se betrokkenheid in Afrika van groot belang is om die land se internasionale opkoms te verstaan. Twee kernareas van die betrokkenheid het die potensiaal om die land groter normatiewe invloed te gee, naamlik ekonomiese diplomasie en politieke solidariteit.

Alden en Alves (2017:152–5) beweer dat China se normatiewe magsuitbreiding bydra tot die ontwikkeling van Afrika en die bevordering van die kontinent se internasionale aansien. Die stelling word gemaak na aanleiding van norme wat in GPI-projekte gedeel word. 'n Proses van sosialisering versterk China se normatiewe mag in multilaterale organisasies en bring lidlande se belange nader aan mekaar. Terugvoer van lidlande help verder om die proses van sosialisering aan te help en op hierdie manier word China se wêreldbeskouing aan lande in die Suid-Suid-groepering oorgedra.

Die sluit van formele verhoudinge met streeksorganisasies in ontwikkelende lande is 'n aanduiding van China se ambisie om die reëls en norme van dié organisasies te verander. Verder dien die skepping van 'n gunstige omgewing vir handel as aansporing om die land se plaaslike ekonomie te bevorder. Multilaterale platforms vergestalt China se visie om 'n nuwe wêreldorde binne 'n formele struktuur op te rig. FOCAC is 'n voorbeeld van so 'n struktuur. Dit is juis in hierdie forum waar China se norme oor soewereiniteit, politieke gelykheid en samewerking bevorder word (Benabdallah 2016:137).

Dit is verder belangrik om daarop te let dat FOCAC 'n middel is om Afrikane se verwagtinge en belange aan China oor te dra. 'n Gevolg daarvan is dat sterker bande met China gesmee, die gedeelde toekomsvisie versterk en gemeenskaplike identiteit gevorm word. Dit versterk die

proses van normskepping (Alden en Alves 2017:157–9). Die Afrikakontinent verteenwoordig een area waar China se relatiewe posisie in vergelyking met die Weste in so ’n mate verbeter het dat dit kan dien as ’n toetsgrond vir normatiewe magsuitbreiding (Ngangom 2018). ’n Voorbeeld hiervan is China se invloed in die opstel van VN-veiligheidsresolusies wat op Afrika van toepassing is. Dit dui op die groter rol wat China in internasionale veiligheidskwessies speel en die poging om ander lande en organisasies se standpunte ten opsigte van veiligheid te verander. China beskou Afrika dus as ’n toetsgrond om nuwe veiligheidsnorme daar te stel, wat ’n aanduiding is van wat ook in die res van die wêreld beoog word.

Die gebruik van sagte mag om invloed in die ontwikkelende wêreld te versprei is ’n belangrike deel van China se beleid in Afrika. Normatiewe mag help om sagte mag in werking te stel deurdat reëls, regulasies en waardes in ’n verskeidenheid van programme en inisiatiewe aanvaar word. FOCAC se programme is grootliks gebaseer op soortgelyke programme wat in Asiese organisasies, waar China die leierskapsrol vervul, aanvaar is. As voorbeeld word verwys na die Association of Southeast Asian Countries (ASEAN) en die Sjanghai-samewerkingsorganisasie (SCO). Beleidsdokumente van dié twee organisasies verwys dikwels na die invloed van Chinese sagte mag en konstruktivisme wat help om ’n normatiewe agenda te bepaal.

## 4. Begrippe wat China se normatiewe magsuitbreiding beïnvloed

Die deel wat volg plaas China se visie vir ’n nuwe wêreldorde onder die soeklig. China se visie vir ’n nuwe, internasionale orde is gewortel in die strewe van die Chinese Kommunisteparty (CKP) se leierskap om die internasionale regeerstelsel te verander. Die oorheersing van Westerse reëls, waardes en norme word hiermee uitgedaag. Dié visie beteken nie dat China die huidige internasionale orde in sy totaliteit verwerp nie. Dit is bloot om ’n stel nuwe reëls, norme en waardes, vanuit ’n Chinese en Suid-Suid-samewerkingsoogpunt, daar te stel. Die visie is gebou rondom sekere kernbeginsels, waarvan dié wat bydra tot normatiewe magsuitbreiding hier genoem word.

- Eerstens is daar multipolariteit wat beteken dat geen land of groepering die internasionale politieke sisteem kan oorheers nie. Dit is in teenstelling met die unipolêre wêreld wat na die einde van die Koue Oorlog tot stand gekom het. Die persepsie is dat Amerika tans die oorheersende posisie in die wêreld beklee. China streef daarna om ander moondhede te bemagtig, veral in Asië, Afrika en Latyns-Amerika, om ’n groter rol in internasionale aangeleenthede te kan speel. Multipolariteit is ook in die diversifisering van die internasionale magstruktuur waarneembaar (Sahakyan 2023).
- Tweedens is daar pogings om IO’s soos die VN, Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds (IMF) te hervorm. Die organisasies is deur Westerse regerings geskep, spesifiek Amerika en sy bondgenote. Die oproep is dat hierdie organisasies ontwikkelende lande groter verteenwoordiging in besluitnemingsprosesse gee. Dit is veral in areas soos internasionale handel, finansies en veiligheid waar die lande swak verteenwoordig is (Sahakyan 2023).
- Derdens is daar ekonomiese diplomasie wat beteken dat China ’n ekonomiese orde aanhang wat minder afhanklik van Westers-oorheersde organisasies is. Hier word alternatiewe organisasies bevorder, soos die Asiese Infrastruktuurbeleggingsbank (AIIB) en die GPI. Die GPI staan sentraal tot China se visie van globale ekonomiese

ontwikkeling, deurdat infrastruktuur gebou, konnektiwiteit verbeter en handel bevorder word. Op hierdie manier word alternatiewe tot Westers-oorheersde ekonomiese raamwerke aangebied (Tudoroiu en Kuteleva 2023).

- Vierdens is daar strategiese vennootskappe en die uitoefening van invloed in streke. Dit beteken dat China poog om vennootskappe met lande regoor die wêreld te sluit, veral lande in die Globale Suide. Dié vennootskappe is gebaseer op wedersydse voordeel, spesifiek in ekonomiese samewerking, infrastruktuurontwikkeling en handel. China se groeiende rol in streeksorganisasies, soos die Sjanghai-samewerkingsorganisasie (SCO), BRICS en die Streeks- Omvattende Ekonomiese Vennootskap (RCEP) is kenmerkend van die ambisie om groter invloed op die wêreldverhoog uit te oefen (Esteban en Lin 2024).
- Vyfdens is daar die strewe om veiligheid en stabiliteit te bevorder. Dit beteken dat die nuwe, internasionale orde ’n veilige omgewing vir ekonomiese ontwikkeling en vreedsame konflikoplossing wil skep. Die gebruik van geweld en unilaterale inmenging om konflikte op te los word verwerp. Die strewe is om ’n globale veiligheidsraamwerk daar te stel waar dialoog, diplomasie en wedersydse respek die aangewese maniere is om konflik op te los (Krukowska 2024:5–10).

China beoog om ’n nuwe wêreldorde te skep wat gekenmerk word deur multipolariteit, ekonomiese interafhanklikheid en minder afhanklikheid van Westerse organisasies. Hierdie visie beteken dat internasionale norme hervorm moet word, veral op gebiede soos die kuberruimte, tegnologie en veiligheid. Die gevolg is dat China se plaaslike ekonomie en multilaterale forums internasionaal bevorder word. Verskeie inisiatiewe is reeds van stapel gestuur om ’n nuwe internasionale orde daar te stel. Dit sluit in die GPI, die Chinese ontwikkelingsmodel vir lande in die Globale Suide en die Globale Veiligheidsinisiatief (GSI).

### *4.1 China se beleid teenoor Afrika*

China se beleid teenoor Afrika word gevorm deur ’n kombinasie van ekonomiese, politieke en kulturele faktore. Die fokus is op samewerking, wedersydse voordeel en respek vir soewereiniteit. Oor die laaste dekades is ekonomiese ontwikkeling op die voorgrond van China se betrokkenheid in Afrika geplaas. Wat volg is die hooftemas van China se beleidsrigting in Afrika. Dié temas dra by tot die vorming van norme in verskeie areas van samewerking.

Die eerste been is wen-wen-samewerking. Hierdie raamwerk beklemtoon vennootskappe wat wedersydse voordele vir alle rolspelers inhou. Dit sluit in beleggings, handel en kulturele diplomasie. Die tweede been is infrastruktuurontwikkeling en ekonomiese groei wat aangedryf word deur GPI-projekte. Dit sluit in die bou van paaie, spoorweë, hawens en energie-infrastruktuur (Li en Hackenesch 2024).

Die derde been is Suid-Suid-samewerking. Die fokus is hier op uitdagings wat gesamentlik deur China en die ontwikkelende wêreld gedeel word. Dit sluit in die kollektiewe stryd vir ontwikkeling, en anti-Westerse en -imperialistiese sentiment. Die vierde been is die gedeelde geskiedenis van antikolonialisme. China verwys dikwels na die land se eie ervaring van kolonialisme en imperialisme, spesifiek die stryd teen Westerse en Japannese imperialistiese magte in die 19de en 20ste eeu. Dié boodskap vind aanklank by verskeie Afrikalande wat ook die slagoffers van kolonialisme was. China posisioneer homself as ’n morele vennoot deur die ervaring van kolonialisme op te roep. Die klem val op solidariteit, respek vir soewereiniteit en ontwikkeling (Li en Hackenesch 2024).

Die vyfde been is ekonomiese diplomasie en handel. Die klem val dikwels op China se bereidwilligheid om handel en beleggings met Afrikalande te bevorder. Dit sluit in verhoogde handel, die voorsiening van Chinese goedere en dienste vir markte in Afrika, en die voorsiening van finansiële dienste om sektore soos landbou, mynbou en vervaardiging te ondersteun. Die sesde been is veiligheid en stabiliteit. Die stabilisering van die veiligheids- en strategiese landskap is deel van China se Afrikadiskoers. Troepe vir vredesendings word ontplooi, en China is aktief deel van die Afrika Vrede- en Sekuriteitsargitektuur (AVSA). Belangrik is dat China gekant is teen die deelname van eksterne militêre magte aan Afrika se konflikte. China beskou homself as ’n veiligheidsvennoot sonder die militêre teenwoordigheid of inmenging wat dikwels met Westerse lande geassosieer word (Li en Hackenesch 2024).

Politieke kommunikasie tussen China en leiers in Afrika is ’n ander faktor wat bydra tot normatiewe magsuitbreiding. Krebs en Jackson (2007:36–7) beweer dat enige vorm van politieke kommunikasie gegrond is op ’n politieke gemeenskap wat belange in ’n mindere of meerdere mate deel en saamstem oor die rigting wat die gemeenskap behoort in te slaan. Hoe nouer die gemeenskap aanmekaargeweef is, hoe groter die moontlikheid vir suksesvolle politieke kommunikasie. Dit is dus belangrik vir Chinese besluitnemers om beleidsrigting op ’n sterk samehorigheidsgevoel van alle politieke rolspelers te bou.

Chinese leiers is tot dusver suksesvol om die Noord/Suid-, ontwikkelde/ontwikkelende, en koloniale/antikoloniale debat saam te voeg in ’n samehangende beleidsrigting. Dit vind byval by leiers van Afrika en voorsien die raamwerk waarbinne beleid geformuleer en uitgevoer word. Die rigting maak voorsiening vir vrede en veiligheid wat ’n noodsaaklike element van China se Afrikabeleid uitmaak. Verder is die rigting bestendig en ’n verteenwoordiging van China se betrokkenheid in Afrika. Dit word vanuit die oogpunt van ontwikkelende verhoudinge en onstabiliteit op die kontinent beskou (Breslin 2021).

Die basiese beleid fokus nie slegs op Suid-Suid-samewerking in sy geheel nie, maar op belangrike ondertone van die samewerking, naamlik ongelykheid en onregverdigheid in die huidige wêreldsisteem. Ongelykheid en onregverdigheid in die ekonomie, wetenskap en tegnologie is kenmerke van die gapings wat in Noord-Suid-verhoudinge bestaan. Dié groterwordende gapings maak dit moeilik vir ontwikkelende lande, veral Afrikalande, om ekonomiese veiligheid en volhoubare ontwikkeling te handhaaf. Wêreldvrede en ontwikkeling kan nie volgehou word, indien die Noorde ryker en die Suide armer word nie (Wen 2014). Ongelykhede tussen die Noorde en Suide en BRICS wys dat oorheersing en magspolitiek kernelemente is wat die huidige internasionale orde uitmaak. Dit is om hierdie rede dat China ’n nuwe wêreldorde wil skep. Volgens Chinese leiers streef die moderne, internasionale gemeenskap ’n vrye en regverdige internasionale stelsel na wat op politieke en ekonomiese gelykheid gegrond is (Wen 2014).

### *4.2 Die veiligheidsdimensie van China-Afrikaverhoudinge*

Die bespreking fokus op twee dele. Die eerste deel beskryf China se siening van veiligheid. Dit is nodig om lig te werp op die mate waarin China internasionale veiligheid benader en ook belangrik om dimensies van veiligheid in Afrika te verklaar. Die tweede deel van die afdeling neem die veiligheidsdimensie van China-Afrikaverhoudinge onder die loep. In lyn met die ontvouing van veiligheidsdenke in die res van die wêreld, het China in die laat-1990’s ’n nuwe veiligheidsbegrip bekendgestel wat wegbeweeg van tradisionele, unilaterale benaderings tot veiligheid na *algemene veiligheid*. Dié begrip beskou alle aspekte van veiligheid, naamlik polities, ekonomies, militêr en kultureel, as inmekaargeweef en noodsaaklik vir nasionale stabiliteit (Zhao 2023:71).

In 2022 is die Globale Veiligheidsinisiatief (GSI) van stapel gestuur wat poog om die internasionale veiligheidsargitektuur te handhaaf, versterk en balanseer. Dit is in teenstelling tot sterker lande se uitbreiding van nasionale veiligheid ten koste van swakker lande en lê klem op respek vir soewereiniteit en territoriale integriteit. Die begrip is in ooreenstemming met die VN se Algemene Handves wat ten doel het om die veiligheidsbedreigings van alle lande deur middel van dialoog en samewerking op te los (Kewalramani 2024).

Die veiligheidsdimensie van China-Afrikaverhoudinge het merkbaar toegeneem in die laaste dekades. Beide streke erken die belangrikheid van stabiele en veilige omgewings vir langtermynontwikkeling. China se toenemende betrokkenheid in Afrika word nie slegs aangedryf deur ekonomiese belange nie, maar ook deur strategiese veiligheidsoorwegings. Die veiligheidsdimensies kan verdeel word in verskeie hoofareas. Vredesendings en stabiliteitsoperasies vorm die kern van die veiligheidsdimensie. Sedert die middel-2000's dra China aktief by tot die VN se vredesendings in Afrika. Personeel (troepe, polisiebeamptes, waarnemers), toerusting en finansiële bydraes word verskaf en gemaak om die vredesendings te ondersteun. Deelname aan vredesendings beeld China uit as 'n land wat stabiliteit en veiligheid in streke bevorder, veral in areas waar voortdurende konflik heers (Soedan, Suid-Soedan, die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) en Darfoer). Chinese troepe het die DRK in 2024 verlaat, nadat vredesendings in die oorloggeteisterde land beëindig is. Dan is daar ook inisiatiewe om lande waar konflik tot 'n einde gekom het, op te bou, byvoorbeeld Liberië en die Soedans. Die inisiatiewe gaan gepaard met bemiddeling, heropbouing en die oplos van dispute deur middel van diplomatieke kanale (Kewalramani 2024).

Samewerking met ander lande in die bekamping van terreur is 'n ander komponent van die veiligheidsdimensie. Die Sahel en Horing van Afrika is tans twee streke waar bedreigings van terroriste aan die orde van die dag is. Ten einde die bedreigings hok te slaan, word militêre toerusting en opleiding aan Afrikaregerings verskaf. Dié bystand is deel van die GSI. Dan is daar ook die verskaffing van private veiligheidskontrakteurs, ondersteuning van die AVSA en samewerking met die AU se bystandsmag om militêre bystand in streekskonflikte te verleen.

Militêre en verdedigingsamewerking is 'n integrale deel van die veiligheidsdimensie. In die laaste 20 jaar is militêre toerusting, insluitende ligte wapens en ammunisie, gepantserde voertuie en vegvliegtuie, aan verskeie Afrikalande voorsien. Daar is ook dialoë en multilaterale forums geskep wat oor sake van veiligheid en verdediging beraadslaag. Gesprekke word op dié kanale gevoer om vrede en veiligheid in Afrika te bevorder. FOCAC is een van die hoofplatforms waar veiligheid in samehang met ekonomiese en politieke onderwerpe bespreek word. Veiligheidsinisiatiewe help Afrikalande om hulle veiligheid op te skerp en nie-tradisionele veiligheidsuitdagings soos pandemies en omgewingsrampe die hoof te bied (Zhao 2023:75).

Professionele militêre opleiding word verder aan personeel in Chinese militêre instellings aangebied. Vennootskappe is met lande soos Ethiopië, Kenia en Zimbabwe gesluit om opleiding aan te bied en militêre toerusting te voorsien. China se veiligheidsvennootskappe met Afrikalande word gevorm binne die breë konteks van wedersydse respek, soewereiniteit en nie-inmenging in die huishoudelike sake van lande. Afrikaregerings vind die vennootskappe aantreklik, omrede hulle verantwoordelikheid vir hulle eie veiligheidskwessies kan aanvaar. China se samewerking in veiligheid help nie net om die bedreigings wat Afrikalande in die gesig staar op te los nie, maar beveilig ook die land se strategiese en ekonomiese belange op die kontinent (Tudoroiu en Kuteleva 2023).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b1

### *4.3 Die Veiligheid-Ontwikkelingsbegrip*

China se verhoogde betrokkenheid in Afrika se veiligheid vind nie in ’n vakuum plaas nie. Die een kant wys op Chinese leiers se benadering om die land se leierskapsrol in internasionale veiligheid op die voorgrond plaas. Dit sluit aktiewe deelname aan Afrika se veiligheidskwessies in. Die ander kant wys op Afrikalande se wegbeweging van ekonomiese integrasie na die opskerping van veiligheid (Tiezzi 2018).

Die 1990’s het gefokus op ’n konsolidasie van streeks- ekonomiese gemeenskappe (RECs), terwyl die 2000’s gefokus het op veiligheid en die verband tussen veiligheid en ontwikkeling. Navorsing is gedoen oor die gevolge van ekonomiese ontwikkeling op streeksvlak en die bestuur van konflik in die tydperk na die Koue Oorlog. China het die AU genader om meer betrokke te raak in die AVSA en vas te stel watter bydrae die land kan lewer in die bevordering van vrede en veiligheid. Daar is wegbeweeg van tradisionele veiligheidsbedreigings (Koue Oorlog-begrippe soos die wapenwedloop, kernafskrikking en die beskerming van landsgrense deur middel van militêre vertoon) na nie-tradisionele veiligheidsbedreigings (klimaatsverandering, mensehandel, migrasie, oorgrensbeheer en die smokkel van diereprodukte). In die laaste twee dekades het China se fokus op veiligheid ’n groot rol gespeel in verhoudinge wat met Afrikalande gesluit is (Krukowska 2024:5–10).

Sentraal tot China se samewerking in Afrika se veiligheid is die Veiligheid-Ontwikkelingsbegrip. Dié begrip stel China in staat om ekonomiese vennootskappe met die nastrewing van stabiliteit en veiligheid op die kontinent te verbind. Die uitgangspunt is dat ekonomiese projekte soos die bou van infrastruktuur, energievoorsiening en handeldryf van kardinale belang is om die onderliggende oorsake van onstabiliteit en onveiligheid te verminder. Ekonomiese stabiliteit word geposisioneer as ’n maatreël om konflik te voorkom en is ’n middel om vrede te bereik. Verder verminder ontwikkeling die waarskynlikheid van geweld en politieke onstabiliteit. Een van China se hoofstrategieë is om infrastruktuurprojekte, soos spoorweë, paaie en energievoorsiening, op te neem binne die breër raamwerk van streekstabiliteit. Infrastruktuurprojekte verbind streke, verhoog die vloei van handel en verminder logistieke struikelblokke wat dikwels tot konflik oor natuurlike hulpbronne lei. Chinese beleggings in Oos-Afrika en die Sahel het reeds gelei tot ekonomiese groei en die vermindering van sosiale onstabiliteit tussen verskillende etniese en godsdienstige groepe (Omeje 2021).

Die Veiligheid-Ontwikkelingsbegrip help Afrikaregerings ook om politieke beheer op ’n volhoubare basis uit te oefen en maniere van regering te verbeter. Dit word gedoen deur oorsake van swak regering, soos korrupsie, ondoeltreffende dienslewering en wanbesteding, op te los. China het byvoorbeeld belê in die bou van infrastruktuur en landelike ontwikkeling in Ethiopië, wat die regering aangespoor het om beter dienste aan die bevolking te lewer. ’n Positiewe gevolg is dat sosiale onrus op hierdie manier verminder is (Breslin 2021).

Die verskaffing van geïntegreerde veiligheidsdienste is ’n hoofelement om Afrika te help ontwikkel. Dit word beskou as ’n verlengstuk van doelwitte vir ontwikkeling. Die sagte mag van China se betrokkenheid in Afrika sluit in veiligheidsektorhervorming (SSR), antiterrorisme-operasies en die bou van kapasiteit in die vorm van militêre opleiding en vredesendings. Deur dié aksies as deel van ontwikkelingshulp te beskou, word inmenging in veiligheidskwessies tot ’n groot mate bestuur, wat absoluut noodsaaklik is vir die skepping van ’n stabiele besigheids- en strategiese omgewing. Indien dit gebeur is die potensiaal groot dat ontwikkelingsprojekte kan floreer. Hierdie benadering voeg China se ontwikkelingshulp binne ’n groter veiligheids-

raamwerk in en stel Afrikaregerings in staat om plaaslike konflikte self te hanteer. Dit is weer eens belangrik vir die bevordering van langtermynstabiliteit en ontwikkeling (Benabdallah 2016:138).

Deur ontwikkelingshulp te definieer as deel van vrede en politieke stabiliteit, word geloofwaardigheid aan China se betrokkenheid in Afrika se ontwikkeling en veiligheid verleen. Die Veiligheid-Ontwikkelingsbegrip beeld China uit as ’n vennoot wat volhoubare ontwikkeling en veiligheid hoog aanslaan. Die sekuritisering van ontwikkeling is nie net ’n middel om invloed uit te brei nie, maar ook ’n strategiese diskoers wat Afrikalande die geleentheid bied om ’n onafhanklike en stabiele toekoms na te jaag.

### *4.4 Suid-Suid-samewerking*

Suid-Suid-samewerking staan sentraal tot China se buitelandse beleid, spesifiek in die land se verhoudinge met Afrika. Hierdie groepering verteenwoordig ’n magsverskuiwing van tradisionele Noord-Suid-dinamika, waar ontwikkelde lande (die Noorde) die meerderheid van die wêreld se hulpbronne en besluitnemingsorgane beheer, na meer inklusiewe, kollektiewe vennootskappe tussen ontwikkelende lande (die Suide). Die onderstaande gedeelte ontleed China se verhoudinge met Afrika in die konteks van Suid-Suid-samewerking.

Suid-Suid-samewerking plaas sterk klem op gelykheid en wedersydse voordeel. Anders as Noord-Suid-samewerking waar ontwikkelde lande optree as beskermhere en ontwikkelende lande as kliënte (kliënt-beskermheer-verhoudinge), streef Suid-Suid-samewerking gelyke behandeling tussen alle lande na. Die daarstelling van ekonomiese groei en ontwikkeling word as gemeenskaplike doelwitte beskou (Murphy 2023).

China word gesien as ’n vennoot en nie ’n skenker nie. Dit is in teenstelling met die Westerse boodskap van hulp en bystandverlening. Die GPI en FOCAC is voorbeelde van platforms waar die idee van wedersydse voordeel en gedeelde belange nagestreef word. Dié vennootskap is ’n verskuiwing weg van afhanklikheid na onafhanklikheid, selfonderhouding en samewerking as gelyke vennote in globale ontwikkeling. ’n Hoofelement van Suid-Suid-samewerking is die gedeelde geskiedenis van kolonialisme en imperialisme. Beide streke was onderworpe aan buitelandse oorheersing, China onder Westerse en Japannese imperialisme en Afrika onder Europese kolonialisme. Deur die gedeelde geskiedenis op te roep, posisioneer China homself as ’n natuurlike vennoot en kampvegter vir Afrika se voortgesette stryd vir soewereiniteit en onafhanklikheid (Denoon 2021).

China se historiese boodskap speel ’n belangrike rol om geloofwaardigheid by Afrikalande te verkry. Dit is veral waarneembaar in China se oorkoming van kolonialisme en Afrikalande se begeerte na selfbeskikking en soewereiniteit in die globale orde. Suid-Suid-samewerking stel China voor as ’n model vir ontwikkeling en wys dat lande met ’n gedeelde geskiedenis van onderdrukking ook grootmoondheidstatus kan bereik. Dié gedeelde geskiedenis word gebruik om China uit te beeld as ’n vennoot wat Afrika se stryd en ambisies verstaan (Breslin 2021).

Suid-Suid-samewerking beklemtoon die idee dat ontwikkelende lande, veral in Afrika, selfbestuur moet handhaaf om hulle eie pad van ontwikkeling te bepaal. China se fokus op ekonomiese ontwikkeling, die bou van infrastruktuur en beleggings staan sentraal tot die samewerking. Die model is in harmonie met Afrikalande se eie doelwitte vir ontwikkeling. ’n Verdere voordeel is dat Afrikalande die geleentheid het om hulle plaaslike ekonomieë op te bou en mededingend in wêreldmarkte te raak.

China staan aan die spits van pogings om die internasionale regeerstelsel te hervorm. Dit sluit veranderinge aan internasionale organisasies soos die VN, die Wêreldbank en die IMF in. Die organisasies word disproporsioneel deur Westerse lande oorheers. Suid-Suid-samewerking is ’n manier vir die Globale Suide om groter besluitnemingsmag in IO’s te verkry. Internasionale reëls vir handel, finansiële stelsels en diplomatieke platforms moet hervorm word om die realiteite van ontwikkelende lande beter te reflekteer (Murphy 2023).

## 5. ’n Kritiese ontleding van China se normatiewe magsuitbreiding

Hierdie afdeling verskaf ’n kritiese ontleding van China se globale en normatiewe magsuitbreiding met verwysing na die begrippe wat in die voorafgaande afdelings bespreek is. Slegs opsommings van die primêre argumente word onder die loep geneem.

Westerse kritiek op China se normvorming in IO’s fokus op kommer oor China se benadering tot globale regeerkunde, die gevolge daarvan vir die bestaande liberale internasionale orde en die potensiaal daarvan om internasionale norme en instellings te hervorm. Terwyl sommige waarnemers China as ’n revisionistiese mag beskou wat die bestaande orde uitdaag, voer ander waarnemers aan dat China die internasionale stelsel wil herbalanseer en nie omver wil werp nie (Tudoroiu en Kuteleva 2023).

Westerse kritiek op China se veiligheidsbeleid in Afrika fokus op kommer oor die potensiaal om konflikte te vererger, outoritêre regimes te ondersteun en China se invloed op die vasteland te vergroot. Waarnemers wys op China se wapenverkope aan lande wat in konflik vasgevang is, byvoorbeeld Soedan en die DRK. Die wapenverkope help om geweld en onstabiliteit aan te blaas. Terwyl China volhou dat betrokkenheid in Afrika se veiligheid daarop gemik is om vrede en ontwikkeling te bevorder, is daar vrae oor potensiële negatiewe gevolge. Daar bestaan veral vrae oor die kompleksiteite en mededingende aard van China se groeiende rol in Afrika se veiligheid en die deelname van plaaslike rolspelers (Murphy 2023).

Westerse kritiek op China se normatiewe mag in Afrika fokus op kommer oor die land se beleid van nie-inmenging in die huishoudelike sake van soewereine en onafhanklike lande. Daar word ook kritiek uitgespreek oor die potensiaal vir ekonomiese uitbuiting en die bevordering van ’n alternatiewe ontwikkelingsmodel. Waarnemers voer aan dat China se fokus op nie-inmenging menseregte en demokratiese waardes ondermyn, terwyl ekonomiese aktiwiteite in Afrika gekenmerk word deur ongelyke handelsbetrekkinge en skuldlokvaldiplomasie (“debt trap diplomacy”). Verder word China se klem op modernisering as ’n vorm van kulturele imperialisme beskou (Chang 2023).

Westerse kritiek op die Veiligheid-Ontwikkelingsbegrip fokus op kommer dat China eie belange prioritiseer, ten koste van Afrikalande se soewereiniteit en ontwikkeling. Hier word verwys na die GPI waar China se veiligheid en ekonomiese belange voorkeur bo die belange van Afrikalande geniet. Verder is daar ’n gebrek aan deursigtigheid in Chinese ontwikkelingsprojekte en Afrikalande se afhanklikheid van Chinese lenings wat lei tot “skuldlokvaldiplomasie”. Verder voer sommige waarnemers aan dat China se klem op staatsbeheerde ontwikkeling en fokus op infrastruktuurprojekte nie ooreenstem met Westerse begrippe van goeie regering en volhoubare ontwikkeling nie (Osei-Hwedie en Kurantin 2020).

Westerse kritiek op Suid-Suid-samewerking fokus op kommer oor die potensiële ongelykhede wat dit tussen China en vennote in Afrika kan veroorsaak. Waarnemers voer aan dat China se Suid-Suid-samewerking, soos byvoorbeeld die aanbied van ekonomiese hulp, kan lei tot voorwaardes wat nie deur Afrikalande eerbiedig kan word nie. Dit beperk die outonomie van ontvangerlande. Kommer bestaan ook oor die gevolge wat Chinese projekte vir die omgewing het, veral in die energiesektor, ten spyte van die onlangse verskuiwing na groen inisiatiewe. Daar is verder vrae of China deursigtig en verantwoordelik is in die bou van infrastruktuur, omrede kontrakte nie voltooi word nie en die gehalte van projekte onder verdenking is. Dan is daar beskuldigings dat veiligheid en ontwikkeling aangedryf word deur geopolitieke ambisies. China se beperkte begrip van plaaslike kontekste is nog ’n probleem wat uitgewys word. In dié opsig word verwys na plaaslike gemeenskappe wat nie geraadpleeg word in die bou van projekte nie, wat lei tot anti-Chinese sentimente en regsgevolge (Denoon 2021).

## 6. Die Forum vir China-Afrikasamewerking (FOCAC)

### *6.1 China se normatiewe magsuitbreiding in FOCAC*

Hierdie afdeling ondersoek China se normatiewe magsuitbreiding in Afrika aan die hand van FOCAC. Gebruik China die forum om normatiewe mag deur middel van sosialisering uit te brei (Li en Hackenesch 2024)? Die doel is verder om die perspektiewe van Afrikalande in oënskou te neem. Slaag die proses van sosialisering in sy doel om Chinese norme aan lande in Afrika oor te dra? Word die norme deur leiers van Afrikalande aanvaar en wat is die gevolge van normverandering?

Die primêre argument is dat besluitnemers in die CKP ’n suksesvolle beleidsrigting tussen China en Afrika bepaal het. Die rigting stel China en Afrika as langtermynvriende voor, wat verenig staan om die ongelykhede van die Westers-gesentreerde internasionale orde reg te stel. Dit is gedoen deur ’n reeks historiese en politieke narratiewe in te stel wat rolspelers in Afrika binne die Chinese normatiewe raamwerk opgeneem het. ’n Gevoel van samehorigheid en gedeelde toekoms is die hoofelemente van die opnemingsproses. Die skep van FOCAC het in ’n groot mate bygedra tot die idee van ’n gedeelde gemeenskap (Sahakyan 2023).

China se buitelandse beleid in Afrika het in die laaste dekade verskuif na groter betrokkenheid in veiligheidskwessies. Dit beteken egter nie dat areas soos die ekonomie, energie, kultuur en opleiding minder aandag geniet nie. Die strewe is steeds om ’n gevoel van samehorigheid met lande in die Globale Suide te skep, wat fokus op ekonomiese ontwikkeling en teenkanting teen Westerse imperialisme. Die Veiligheid-Ontwikkelingsbegrip speel ’n groot rol in China se Afrikabeleid, en is een van die kernareas van bespreking in FOCAC. Dit is ’n aanduiding van China en Afrika se gemeenskaplike strewe na veiligheid en stabiliteit. Verder is dit opmerklik dat leiers in Afrika ’n positiewe ingesteldheid teenoor die begrip openbaar.

Vervolgens word ’n kort agtergrond van FOCAC geskets. Die forum het in 2000 tot stand gekom om nouer bande en wedersydse samewerking tussen China en Afrika te vergemaklik. Die totstandkoming van FOCAC het gelei tot verhoogde diplomatieke, ekonomiese en politieke verhoudinge tussen China en Afrika. ’n Belangrike doelwit vir die skep van die forum was om Suid-Suid-samewerking te verhoog en China as ’n alternatief tot Westers-gedomineerde bystand en ontwikkelingsmodelle te posisioneer (FOCAC).

Sedert die totstandkoming van FOCAC is verskeie ministeriële vergaderings gehou.

- 2003 (Addis Abeba, Ethiopië). Die 2de vergadering het China se verbintenis tot skuldverligting, verhoogde handel en beleggings beklemtoon.
- 2006 (Beijing). Die 3de vergadering het gefokus op die bevordering van samewerking in die bou van infrastruktuur. China het ook begin om meer finansiële bydraes aan Afrikalande te maak.
- 2009 (Sharm El Sheikh, Egipte). Die 4de vergadering het die klem geplaas op ekonomiese samewerking gedurende die globale finansiële krisis. Lenings ter waarde van USD10 biljoen is aan Afrikalande gemaak.
- 2012 (Beijing). Die 5de vergadering was gekenmerk deur ’n groter verbintenis om infrastruktuur te bou en Afrikalande toegang tot Chinese markte te gee.
- 2015 (Johannesburg, Suid-Afrika). Die 6de vergadering was belangrik in dié opsig dat China ’n rekordbedrag van USD60 biljoen in fondse beskikbaar gestel het vir die bou van infrastruktuur, die oprigting van nywerhede en volhoubare ontwikkeling.
- 2018 (Beijing). Die 7de vergadering het ’n nuwe rigting vir China-Afrikasamewerking uitgespel deurdat beloftes van ’n verdere USD60 biljoen gemaak is om Afrika te help ontwikkel.
- 2021 (virtuele beraad). Die 8ste vergadering is aanlyn gehou as gevolg van die globale pandemie. Die klem tydens die aanlyn vergadering was op openbare gesondheidsamewerking en volhoubare ontwikkeling.
- 2024 (Beijing). Die 9de vergadering se tema was samewerking om modernisasie te bevorder en ’n hoëvlak-China-Afrikagemeenskap met ’n gedeelde toekoms te bou. In Engels staan dit bekend as “Joining hands to advance modernisation and build a high-level China-Africa community with a shared future”. Die fokus was op regeerkunde, industrialisasie, landbou-ontwikkeling, vrede, veiligheid en GPI-samewerking. Die vergadering het uitgeloop op die aanvaarding van die Beijing Verklaring en die Forum op China-Afrikasamewerking Beijing Aksieplan (2025–2027). Dit sluit in verhoogde samewerking in verskeie sektore, byvoorbeeld handel, beleggings, energie en volhoubare ontwikkeling (Sun 2024).

’n Belangrike deel van China se normatiewe magsuitbreiding in Afrika is die bevordering van die land se buitelandse beleid. Dit plaas klem op Suid-Suid-samewerking, ekonomiese ontwikkeling, die bevordering van die Beijing-konsensus, morele relativisme ten opsigte van kwessies soos menseregte, die internasionale orde en Taiwan (Large 2022:300–5). Die aksieplanne van FOCAC bespreek samewerking in die areas van beleggings, die bekamping van armoede, die bou van infrastruktuur, die bou van kapasiteit, menslikehulpbronnebestuur, voedselveiligheid, navorsing en ontwikkeling en vrede en veiligheid. Samewerking in FOCAC het ten doel om wen-wen-verhoudinge te bevorder en China as ’n ontwikkelingsvennoot, eerder as ’n koloniale moondheid, uit te beeld. Verder is FOCAC ’n verlengstuk van China se buitelandse beleid, spesifiek binne die raamwerk van Suid-Suid-verhoudinge en die land se breë, internasionale samewerkingsinisiatiewe. China se normatiewe buitelandse beleid is gebaseer op die bou van verhoudings wat in teenstelling is met die Weste se reëls-gebaseerde internasionale orde. In dié orde word gedrag as universeel-aanvaarbaar deur alle lande beskou.

Deur middel van internasionale verhoudinge het China ’n normatiewe agenda geïmplementeer wat in multilaterale forums toegepas word. Internasionale verhoudinge vanuit die Chinese perspektief is nie ’n area vir die toepassing van abstrakte norme nie. Dit is ’n stel spesifieke verhoudinge wat met rolspelers gesluit word en waar elke verhouding ’n stel doelgerigte verpligtinge het wat deur elke rolspeler nagekom moet word. Die hoofaspek van normatiewe wisselwerking met rolspelers is wedersydse respek (Kavalski 2013:250–7).

Die volgende aspekte bepaal in watter mate FOCAC bydra tot die uitoefening van China se buitelandse beleid.

a) Diplomatieke verhoudinge en sagte mag

- FOCAC versterk China se diplomatieke verhoudinge met Afrikalande en gee trefkrag aan die bevordering van die Een-China-beleid (One China Policy) in multilaterale organisasies.
- FOCAC versterk China se beeld as ’n vennoot van die Globale Suide en die land se posisie as ’n alternatief tot Westerse moondhede in Afrika.

b) Ekonomiese en handelsuitbreiding

- FOCAC vergemaklik die sluit van handelsooreenkomste, infrastruktuurprojekte en beleggings wat belangrik is vir die GPI om te ontwikkel.
- Afrikalande kry toegang tot Chinese markte, lenings en fondse vir ontwikkeling, terwyl China toegang tot natuurlike hulpbronne en nuwe markte verkry.

c) Strategiese en geopolitieke invloed

- China bou sterk militêre en veiligheidsvennootskappe met Afrikalande deur middel van vredesendings, militêre hulp en opleidingsprogramme.
- FOCAC is ’n teenvoeter vir Westerse invloed en versterk China se internasionale leierskapsposisie.

d) Natuurlike hulpbronne en energieveiligheid

- Afrika is ryk aan minerale, olie en ander hulpbronne wat China nodig het om industriële groei te verseker.
- FOCAC help China om noodsaaklike hulpbronne te verkry deur middel van die bou van infrastruktuur vir toegang tot hulpbronooreenkomste.

e) Ontwikkelingshulp en diplomasie

- China voorsien besigheidslenings, studentebeurse en tegniese hulp aan Afrikalande wat verskil van Westerse hulp. Rente word nie meer as ’n lening op ’n finansiële transaksie terugbetaal nie, maar in die vorm van konsessies wat toegestaan word om minerale te ontgin en bestuur van GPI-projekte oor te neem.
- Die bou van infrastruktuur (spoorweë, paaie, hawens en energieprojekte) maak gebruik van Chinese vaardigheid en ondersteun die land se bou- en ingenieursfirmas (Large 2022:306–10).

FOCAC is ’n globale platform waar Chinese besluitnemers hulle agendaplanne met vennote van Afrika kan bespreek. Die platform bied drie geleenthede aan China om sy rol in internasionale regeerkunde te versterk. Eerstens is terugvoering wat van leiers in Afrika verkry word belangrik om beleid te verander; tweedens is die wisselwerking wat oor ’n wye veld van onderwerpe en belangstellingsvelde verkry word nodig om geloofwaardigheid te verleen; en derdens kry China die geleentheid om projekte wat deur FOCAC geïmplementeer word in die praktyk toe te pas (Benabdallah 2021).

FOCAC is inderdaad ’n streeksforum wat gebruik word om China se multilaterale diplomasie wêreldwyd uit te bou. Daar bestaan ook die China-Arabiese State Samewerkingsforum (2004), die China-Sentrale en Oos-Europese Lande Samewerkingsforum (16+1, 2012), en die China Latyns-Amerikaanse en Karibiese Eilande Forum (CELAC, 2015). Streeksforums is doeltreffend om sake van gemeenskaplike belang te bespreek. ’n Belangrike doelwit van streeksdiplomasie is om kleiner lande na die onderhandelingstafel te bring. Op dié manier kan China se ontwikkelingsmodel en prioriteite vir die verskillende streke direk aan diplomate oorgedra word (Krukowska 2024:11). Samewerking met ander lande in ’n streeksforum is deel van China se poging om ’n globale, normatiewe mag te word. Die vermoë om belange en beleid in ’n streeksforum te handhaaf hang in ’n groot mate af van doeltreffende administrasie en beheer van forums se finansiële strukture (Benabdallah 2021). Identiteitsvorming rondom gedeelde belange is ’n ander aspek wat samewerking in FOCAC kenmerk. Volgens Breslin (2021) bepaal dit die rigting van toekomstige samewerking.

China gebruik FOCAC om die gemeenskaplike belange en aspirasies van China en Afrika onder een sambreel te verenig. Die verandering van bestaande strukture van globale regering en die nastrewing van wen-wen-vennootskappe verkry betekenis op die platform. Navorsing dui ook op die belangrikheid van persoon-tot-persoondiplomasie tussen China en Afrika. Dit is ’n verskynsel wat toeneem en van waarde is om norme deur middel van sosialisering te vorm (Park 2023:130–5).

Chinese leiers beskou dialoog en samewerking as instrumenteel om veiligheid vir alle partye teweeg te bring. Dit verskil van die Westerse benadering waar die sterker party dikwels unilaterale besluite neem en ander partye tot ’n konflik konsensus bereik. FOCAC se dokumente wat handel oor veiligheid fokus op een baie belangrike aspek, naamlik dat veiligheid ’n sterk band met ontwikkeling het. Die bekamping van armoede en die verbetering van algemene lewenstoestande is noodsaaklik om vrede te verkry (Krukowska 2024:12).

### *6.2 Die rol van sosialisering in FOCAC en leiers in Afrika se standpunte*

In die inleiding van afdeling 6 is die vraag gevra of sosialisering van waarde is om norme in FOCAC te vestig. In hierdie afdeling word die vraag ontleed deur eerstens in breë trekke te verduidelik watter rol sosialisering speel in die vorming van norme en tweedens te verwys na uitgangspunte van leiers in Afrika oor samewerking met China in FOCAC. Die vergaderings van 2021 en 2024 is as voorbeelde gebruik om die leiers se uitgangspunte te staaf. Dit is die twee mees onlangse vergaderings wat gehou is. Die algemene gevoel van leiers in Afrika is dat FOCAC ’n platform vir die deel van waardes, belange en norme bied en dié begrippe is belangrik om die Chinese visie van ’n gedeelde gemeenskap en toekoms uit te dra. Kritiek is ook uitgespreek oor China se betrokkenheid in Afrika se vrede-en-veiligheidslandskap.

Daar moet in gedagte gehou word dat FOCAC die primêre samewerkingsforum tussen China en Afrika is en die nastreef van vrede en veiligheid die primêre doelwit in Afrika is. Ander areas van samewerking, soos die ekonomie, kultuur, tegnologie, opvoeding en toerisme, het ten doel om ’n veilige en stabiele omgewing vir Chinese betrokkenheid in Afrika te skep.

Sosialisering speel ’n deurslaggewende rol in die vorming van norme binne dié multilaterale forum, veral deur die bevordering van inisiatiewe vir vrede en veiligheid. Wisselwerking tussen regeringsamptenare, weermagpersoneel, kontrakteurs werksaam in die private veiligheidsbedryf en ander rolspelers bou wedersydse begrip vir samewerking, versterk vriendskappe en bou vennootskappe. Wisselwerking help om gapings in die skepping van vrede en veiligheid te identifiseer en potensiële misverstande te ondervang wat uit ’n gebrek aan bewustheid kan ontstaan. Sosialisering is dus ’n waardevolle meganisme om dialoog en wedersydse begrip in die areas van vrede en veiligheid te versterk. Samewerking help om ’n sterk fondament vir vennootskappe te bou en bevorder dieper begrip. Die kombinasie van die verskillende vorme van sosiale wisselwerking help om die norme en beginsels wat rigting aan China-Afrika-samewerking gee, te vorm en te verstewig (Li en Hackenesch 2024).

Die minister van buitelandse sake van Senegal, Aïssata Tall Sall, het tydens die FOCAC-vergadering van 2021 ’n direkte beroep op China se minister van buitelandse sake gemaak om China se rol in Afrika se vrede en veiligheid te versterk. China se mag en invloed kan alle lande in Afrika saamsnoer om vrede en veiligheid na te streef (accord.org.za 2022).

Die AU-kommissaris vir politieke sake, Minata Samate-Cessouma, wat China se steun aan Afrika by die VNVR op die hart dra, het Afrika se gemeenskaplike standpunt rakende samewerking met China in die nastrewing van vrede en veiligheid ook by die FOCAC-vergadering van 2021 bevestig (accord.org.za 2022).

Kameroen se president, Paul Biya, het tydens die FOCAC-vergadering van 2024 opgemerk dat die land nog altyd die bereiking van vrede en veiligheid op die prys stel. China se ervaring om ’n veilige omgewing vir die land se burgers te skep kan ook met groot sukses in Afrika toegepas word (chinadailyhk.com 2024).

Die president van Mosambiek, Filipe Jacinto Nyusi, het lof uitgespreek vir China se globale sekuriteitinisiatiewe (GSI) en bygevoeg dat Mosambiek bereid is om wedersydse ondersteuning met China oor multilaterale kwessies te versterk om die bou van ’n meer billike en aanvaarbare internasionale orde te bevorder (chinadailyhk.com 2024).

Aan die ander kant van die spektrum is daar kommer oor China se toenemende betrokkenheid in Afrika se veiligheid. Die verkoop van wapens en opsporingstegnologie (“surveillance systems”) hou negatiewe gevolge vir menseregtevergrype, demokratiese regeringsvorme en vryheid van beweging in. Die optredes dra by tot onstabiliteit en geweld in verskeie Afrikalande.

Ten slotte word daarop gewys dat China se pogings om norme in Afrika deur middel van sosialisering oor te dra, veral in die areas van ontwikkeling en veiligheid, as ’n uitdaging vir die bestaande internasionale orde beskou word. Die verhouding tussen China en Afrika is kompleks en veelsydig, met beide positiewe en negatiewe aspekte. Terwyl China se opkoms as ’n wêreldmoondheid nuwe geleenthede vir Afrikalande inhou, bied dit ook uitdagings vir goeie regeerkunde, die dryf van handel en die deel van norme, waardes en belange. In antwoord op China se normatiewe magsuitbreiding word Afrikalande meer selfgeldend in die bevordering van hulle eie belange binne die raamwerk van FOCAC (Sun 2024).

## 7. Gevolgtrekking

Die ondersoek beklemtoon dat China se benadering tot Afrika op drie vlakke gebou is. Eerstens is daar Suid-Suid-samewerking wat die primêre domein van samewerking uitmaak. Tweedens is daar samewerking rakende vrede en veiligheid wat 'n verteenwoordiging van die Veiligheid-Ontwikkelingsbegrip is. Derdens is daar samewerking in ander areas wat die verhoogde sekuritisering van verhoudinge verteenwoordig.

'n Beleidsbenadering is ontwikkel wat China en Afrika as langtermynvriende uitbeeld en waar die ongelykhede van die Westers-gesentreerde internasionale orde saam beveg word. Dié taak word verrig deur middel van die mobilisering van historiese en politieke boodskappe waar 'n gevoel van eenheid en gedeelde toekoms bestaan. FOCAC is die multilaterale platform waar die eenheid en gedeelde belange bevorder word. China beweeg weg van ad hoc-deelname aan Afrika se vrede-en-veiligheidsargitektuur na vorme van betrokkenheid wat Chinese norme in die denkwyses van Afrikane inprent. FOCAC het groot waarde vir China se buitelandse beleid, aangesien dit 'n eksklusiewe platform is waar leiers beweegruimte het om China se ontwikkelingsmodel, voorkeurnorme en praktyke aan Afrikane oor te dra. Om hierdie rede hou die forum die grootste potensiaal in vir China om 'n normatiewe mag te word.

'n Kenmerk van China se normatiewe magsuitbreiding in FOCAC is die eksplisiete poging om norme in die organisasie te vorm. Dit val buite die konteks van Westers-gebaseerde platforms waar norme reeds vasgestel is. Die boodskap is om China en Afrikane as langtermynvriende uit te beeld, waar Westerse imperialisme saam beveg en 'n nuwe internasionale orde nagestreef word. Nog 'n boodskap is om vrede en veiligheid na te streef wat ekonomiese ontwikkeling en vooruitgang bevorder.

'n Uiters belangrike aspek is die skepping van veiligheid wat 'n voorvereiste vir ontwikkeling is. China se pogings om norme van vrede, veiligheid, nie-inmenging, vredesendings en die bou van vrede ("peacebuilding") te skep is van waarde om die boodskap verder uit te brei. Afrikalande se vertroue word gewen deur idees van Suid-Suid-samewerking, dialoog, gelykheid, wedersydse voordeel en 'n gedeelde toekoms vir die mensdom.

Die Chinese boodskap verteenwoordig 'n alternatief tot die Westerse benadering tot diplomasie en word deur Afrikalande verwelkom. Hier is dit veral belangrik om te let op strategieë, doelwitte en beleid wat geleidelik in norme omskep word. Beijing is daarop ingestel om 'n Chinese visie van die wêreldorde aan Afrikalande bekend te maak. Lande in Afrika het tans die geleentheid om alternatiewe benaderings te ondersoek en in samehang met China 'n nuwe wêreldorde te skep.

Wat beteken dié visie vir Afrika? Eerstens is die fokus op die Veiligheid-Ontwikkelingsbegrip. Tweedens is die fokus op volgehoue ekonomiese bystand, die bou van infrastruktuur (GPI-projekte), die voortsetting van handel, beleggings en die militarisering en sekuritisering van buitelandse verhoudinge. Derdens is die fokus op die bevordering van Chinese norme en praktyke in IO's en multilaterale platforms (FOCAC).

In terme van praktiese beleid, is daar 'n groter bereidwilligheid om troepe vir vredesendings na Afrika te ontplooi, meer finansiële bydraes aan FOCAC en die AU beskikbaar te stel en as bemiddelaar op te tree om konflikte op te los. 'n Ander gevolgtrekking is dat sagte en ekonomiese mag die weg baan vir China-Afrikaverhoudinge om te ontwikkel tot 'n punt waar

veiligheid ’n sentrale plek in wedersydse verhoudinge beklee. Indien dit nie vir die suksesvolle gebruik van Chinese sagte mag en die bevordering van gelyke verhoudinge was nie, is dit moeilik om van China as ’n normatiewe mag te praat. Dié gevolgtrekking smee al die onderdele van die argument saam en beantwoord sodoende die navorsingsvrae wat as motivering vir die bespreking dien.

## Bibliografie

accord.org.za. 2022. Africans welcome China’s role in peace and security, but are pushing for greater agency and responsibility. 10 Februarie. https://www.accord.org.za/analysis/africans-welcome-chinas-role-in-peace-and-security-but-are-pushing-for-greater-agency-and-responsibility (20 Julie 2025 geraadpleeg).

Alden, C. en A.C. Alves. 2017. China’s regional forum diplomacy in the developing world: socialisation and the “Sinosphere”. *Journal of Contemporary China*, 26(103):151–65.

Benabdallah, L. 2016. Towards a post-western global governance? How China-Africa relations in(form) China’s practices. *Rising Powers Quarterly*, 1(1):135–45.

—. 2021. Lina Benabdallah reflects on how this year’s FOCAC will differ from past gatherings. 8 November. https://chinaglobalsouth.com/2021/11/08/lina-benabdallah-reflects-on-how-this-years-focac-will-differ-from-past-gatherings (10 Januarie 2025 geraadpleeg).

Breslin, S. 2021. *China risen? Studying Chinese global power*. Londen: Bristol University.

Callahan, W.A. 2008. Chinese visions of world order: Post-hegemonic or a new hegemony? *International Studies Review*, 10:749–61.

Chang, I.P. 2023. *China’s new imperialism*. Londen: Routledge.

chinadailyhk.com. 2024. FOCAC summit: Xi meets African leaders. 4 September. https://www.chinadailyhk.com/hk/article/592199 (20 Julie 2025 geraadpleeg).

Denoon, D.B.H. 2021. *China’s grand strategy*. New York: NYU Press.

Ding, A.S en J.P. Panda. 2021. *Chinese politics and foreign policy under Xi Jinping: The future political trajectory*. Londen: Routledge.

Esteban, M. en Y. Lin. 2024. *China and international norms: Evidence from the Belt and Road Initiative*. Londen: Routledge.

Fearon, J. en A. Wendt. 2002. *Rationalism v. Constructivism: A skeptical view. Handbook of International Relations*. Oxford: SAGE.

Johnston, A.I. 2013. How new and assertive is China’s new assertiveness? *International Security*, 37(4):205–30.

Kavalski, E. 2013. The struggle for recognition of normative powers: Normative power Europe and normative power China in context. *Cooperation and Conflict*, 48(2):247–67.

Kewalramani, M. 2024. *China as a rising norm entrepreneur: Examining GDI, GSI and GCI*. Singapoer: ISEAS Publishers.

Kobayashi K., K. Krause en X. Yuan. 2022. Pathways to socialisation: China, Russia, and competitive norm socialisation in a changing global order. *Review of International Studies*, 48(3):560–82.

Krebs, R.R. en P.T. Jackson. 2007. Twisting tongues and twisting arms: The power of political rhetoric. *European Journal of International Relations*, 13(1):35–66.

Krukowska, M.M. 2024. China's security relations with Africa in the 21st century. *Security and Defence Quarterly*, 46(2):4–23.

Lanteigne, M. 2005. *China and international institutions: Alternate paths to global power*. Londen: Routledge.

Large, D. 2022. China, Africa and the 2021 Dakar Focac. *African Affairs*, 121(483): 299–319.

Li, H. en C. Hackenesch. 2024. FOCAC 2024: Moving away from large infrastructure deals towards normative power of China. 16 September. https://www.swp-berlin.org/publikation/megatrends-spotlight-38-focac-2024-towards-normative-power-of-china (Januarie 2025 geraadpleeg).

Linsenmaier, T., D.R. Schmidt en K. Spandler. 2021. On the meaning(s) of norms: Ambiguity and global governance in a post-hegemonic world. *Review of International Studies*, 47(4):508–27.

McCourt, D. 2023. *The new constructivism in international relations*. Bristol: Bristol University Press.

Mearsheimer, J.J. 2001. *The tragedy of great power politics*. New York: W.W. Norton Publishers.

Murphy, D.C. 2023. *China's rise in the Global South*. Washington: Stanford University Press.

Nantulya, P. 2024. FOCAC 2024: Elevating African interests beyond the Africa-China summit. 20 Augustus. https://africacenter.org/spotlight/focac-2024-elevating-african-interests-africa-china-summit (14 Julie 2025 geraadpleeg).

Ngangom, T. 2018. The sharp power of development diplomacy and China's edge. 11 April. https://www.orfonline.org/expert-speak/sharp-power-development-diplomacy-china-edge (10 Maart 2025 geraadpleeg).

Omeje, K. 2021. *The governance, security and development nexus*. Londen: Palgrave McMillan.

Osei-Hwedie, B.Z. en N. Kurantin. 2020. Security-development nexus: China's policy framework towards Africa. Augustus–September. https://www.ejsss.net.in/article_html.php?did=8081&issueno=0 (10 Julie 2025 geraadpleeg).

Park, H. 2023. Global norm-maker as China's new brand? An analysis of the responsible cobalt initiative. *The Chinese Journal of International Politics*, 16(2):129–56.

Pu, X. 2012. Socialisation as a two-way process: Emerging powers and the diffusion of international norms. *The Chinese Journal of International Politics*, 5(4):341–67.

Sahakyan, M. 2023. *China and Eurasian powers in a multipolar world order: Security, diplomacy, economy and cyberspace*. Londen: Routledge.

Smith, S., T. Dunne, M. Kurki en K. Kuši. 2024. *International relations theories, discipline and diversity*. Londen: Oxford.

Sun, Y. 2024. FOCAC Beijing summit: A new chapter? https://www.brookings.edu/articles/2024-focac-beijing-summit-a-new-chapter (20 April 2025 geraadpleeg).

Tiezzi, S. 2018. In new white paper, China's military embraces global mission. 28 Mei. https://thediplomat.com/2015/05/in-new-white-paper-chinas-military-embraces-global-mission (20 Maart 2025 geraadpleeg).

Tudoroiu, T. en A. Kuteleva. 2023. *China in the Global South*. Singapoer: Springer.

Waltz, K.N. 1979. *Theory of international politics*. New York: McGraw Hill.

Wen, J. 2014. *Meeting the challenges: A historical record of China's development*. Hong Kong: The Chinese University of Hong Kong Press.

Whitman, R.G. (red.). 2011. *Norms, power and Europe: A new agenda for study of the EU and international relations*. Londen: Palgrave McMillan.

Zhao, S. 2023. *The dragon roars back: Transformational leaders and dynamics of Chinese foreign policy*. Palo Alto: Stanford University Press.